"Fides quaerens societatem": Praktiese teologie op soek na sosiale vergestalting

"Fides quaerens societatem": Practical Theology in search of social embodiment

Johan Cilliers
Fakulteit Teologie, Universiteit Stellenbosch
jcilliers@sun.ac.za

Johan Cilliers

Johan Cilliers het sy teologiese opleiding aan die Fakulteit Teologie, Universiteit Stellenbosch, asook die Karl Rupprecht-universiteit in Heidelberg, Duitsland, ontvang. Hy is tans mede-professor in Homiletiek en Liturgiek in die Departement Praktiese Teologie en Missiologie, Fakulteit Teologie, Universiteit Stellenbosch. Hy dien as voorsitter van die Prakties-Teologiese Werksgemeenskap van Suid-Afrika, asook die vise-president van die Societas Homiletica (die internasionale vereniging vir Homiletiek). Sy werk sluit lesings aan die Universiteit van Umeå in Swede, asook die Humboldt-universiteit in Duitsland, sowel as agt akademiese boeke, onder andere oor prediking, liturgie en estetika, in.

Johan Cilliers received his theological training at the Faculty of Theology, Stellenbosch University, as well as the Karl Rupprecht University in Heidelberg, Germany. Currently he is Associate Professor in Homiletics and Liturgy in the Department of Practical Theology and Missiology, Faculty of Theology, Stellenbosch University. He also serves as Chairperson of the Society for Practical Theology in South Africa, as well as Vice-President of the Societas Homiletica (the international society for Homiletics). His work includes lectures at the University of Umeå in Sweden, and the Humboldt University in Germany, as well as eight academic books on preaching, liturgy and aesthetics among others.

ABSTRACT

"Fides quaerens societatem": Practical Theology in search of social embodiment

This article gives a brief overview of some of the characteristic tensions of the theological discipline of Practical Theology, flowing from the basic tension already suggested in the name: practice and theology, or practice and theory. It proposes that Practical Theology will by nature always be in a process of reconstruction; will remain provisional and experimental; and exists within the creative tensions of empirical research and theological conceptualisation, confession and society, core identity and interdisciplinary approaches, induction and deduction, contextualisation and tradition, the Scriptures and communication, calling (vocatio) *and denomination, spirituality and academic accountability, university and denominational partners, and so forth. The article summarises eight paradigms within which Practical Theology could be understood:*

- Fides quaerens intellectum *(faith in search of understanding): Here the intention is to understand, interpret and proclaim the revelation of God in a logical and cognitive*

manner, especially within an ecclesiological context. The emphasis is on teaching.

- Fides quaerens verbum *(faith in search of words): This entails a narrative and non-directive approach, complemented by fitting modes of communication and discourse. The emphasis is on the act of expression.*
- Fides quaerens actum *(faith in search of acts): The emphasis is on stronger integration of theory and practice, liberation, transformation, and ways of effecting Practical Theology. The focus is on the development of skills.*
- Fides quaerens spem *(faith in search of hope): Here the emphasis is on the understanding and experience of meaning, as well as the means to foster and facilitate such understanding through the liturgy, pastoral care and preaching. The significance of eschatology plays an important role in this regard.*
- Fides quaerens imaginem *(faith in search of images; symbolic expression): Although not meant to oppose the abovementioned emphases, it brings a new dimension into play, namely what has been called aesthetic reason or aesthetic hermeneutics. The emphasis falls on the art of imagination and creative expression.*
- Fides quaerens visum *(faith in search of concrete visualisation): This is linked to the notion of aesthetics. The intention is to aid people to discern traces of God's presence by means of visual and virtual realities. In this regard, the role of modern technology (internet, mass media, and so forth) is considered.*
- Fides quaerens corporalitatem *(faith in search of embodiment): This is a holistic approach, with emphasis on the embodiment of humans, among others also as the "address" of revelation. Our bodies are central to what we perceive and experience, also in terms of our relationship with God. It is the prime locus of God's presence with us. This understanding of embodiment is of specific importance in Practical Theology, as it entails the notions of contextualisation, immediacy, encountering, embracement, communality, radicalisation and concreteness.*
- Fides quaerens societatem *(faith in search of social embodiment): This is a bridge-crossing approach, taking Practical Theology beyond its exclusively ecclesiological boundaries, striving to interact with a variety of communities (including faith communities) in order to serve and enrich these communities, but also to be served and enriched by them in a collaborative and reciprocal way.*

The article suggests that Practical Theology hinges on a hermeneutics of significance, which should not be seen as a new form of clerical or ecclesiological power or control, but rather as a collaborative and reciprocal way of serving and enriching life as it is expressed and experienced in society. Whilst Practical Theology has traditionally operated within a clerical and ecclesiological paradigm, this article proposes that the space within which Practical Theology comes to fruition, should be society in the broadest sense of the word. It is within this space that the contributions of the abovementioned eight paradigms are made operational through Practical Theology of significance, in other words Practical Theology that signifies but also generates meaning. Significance forms the centre of the wheel of Practical Theology, which turns within the realms of society.

KEY CONCEPTS: Practical Theology, theory, praxis, practice, paradigms, hermeneutics, significance, society, fields of tension, ecclesiology, eschatology

TREFWOORDE: Praktiese Teologie, teorie, praxis, praktyk, paradigmas, hermeneutiek, sinduiding, samelewing, spanningsvelde, ekklesiologie, eskatologie

OPSOMMING

Hierdie artikel bied ’n kort opsomming van sommige van die eiendomlike spanninge in die teologiese vakdissipline van Praktiese Teologie, as uitvloeisel van die grondliggende spanning wat reeds deur die naam gesuggereer word, naamlik praktyk en teologie, of praktyk en teorie. Agt paradigmas waarbinne Praktiese Teologie verstaan kan word, word kortliks opgesom, te wete geloof op soek na begrip, verwoording, handeling, hoop, verbeelding, visualisering, beliggaming en sosiale vergestalting (laasgenoemde die integrerende paradigma). Die uitgangspunt is dat Praktiese Teologie op ’n hermeneutiek van sinduiding rus, wat nie as ’n nuwe vorm van klerikale of ekklesiologiese mag of beheer beskou moet word nie, maar eerder as ’n meewerkende en interaktiewe wyse om die lewe, soos wat dit in die samelewing tot uiting kom en beleef word, te dien en te verryk.

1. DIE PROBLEEM VAN PRAKTIESE TEOLOGIE

Die term “‘Praktiese Teologie” is waarskynlik die eerste keer deur Voetius gebruik om na ’n groep teologiese *loci* te verwys (waaronder aanvanklik ook etiek en kerkreg) wat uitdruklik op die werk van predikante in die bediening gerig was, met ander woorde dit het uit die staanspoor ’n sterk klerikale en ekklesiologiese karakter getoon (Farley 1983:31). Dit wil egter ook voorkom asof die vakgebied Praktiese Teologie sedert sy ontstaan in talle misverstande oor die aard en wese daarvan gehul was.

Sommige het byvoorbeeld gereken dat Praktiese Teologie ’n vereenvoudigde vorm van teologie verteenwoordig, nie werklik akademies van aard was nie, en as ’n blote addendum tot “diepsinnige” teologie beskou moes word (Browning 1983:1). Ander het dit as ’n skisofrene terrein (nóg teologiese vis nóg praktiese vlees) of as ’n teologiese weeskind beskou, of dit aan die blote aanleer van klerikale vaardighede (die sogenaamde *techné* van die bediening) gelykgestel. Vir baie het praktiese teoloë gewoon “confused and soft-headed” voorgekom (Browning 1983:1). Buitendien, is álle teologie dan nie “prakties” nie? Bestaan daar benewens Praktiese Teologie iets soos “onpraktiese” teologie? Tog sekerlik nie. Farley (1983:27) voer immers aan: “Theology in this sense cannot be anything but practical. Theologia practica is simply the habitus of theology viewed as to its end.”

Wat wél waar is, is dat Praktiese Teologie nog altyd broos en kwesbaar was omdat dit voortdurend op die raakvlak tussen teorie en praktyk funksioneer. Praktiese Teologie gaan uit op straat; dis riskant en blootgestel. Sommige noem dit selfs ’n “construction zone” wat ver van klaar is, en vanweë die hope bourommel dikwels morsig voorkom:

> It’s as if orange warning-cones and yellow tape presently encircle our collective thoughts about practical theology and its relation to other fields, under a sign that reads: ‘Caution: Construction Work Zone – Enter at Your Own Risk’. (Jones 2008:196)

Dit is gewoon in die aard van Praktiese Teologie om eksperimenteel te wees omdat dit nie alleen teoreties oor geleefde geloof, oftewel “gelebte Religion”, moet nadink nie (Korsch 2007:833), maar ook oor die praktiese vergestalting daarvan. Dit kán dus op geen manier ivoortoringteologie wees nie – eerder teologie “tussen katedraal en markplein” (Louw 1995:9). ’n Mens sou egter kon vra: Is laasgenoemde dan nie waar vir álle vorme van teologie nie?

Praktiese Teologie funksioneer binne ’n aantal spanningsvelde wat nooit opgelos mág word nie, byvoorbeeld die wisselwerking tussen empiriese navorsing en teologiese konseptualisering, konfessie en die samelewing, kern-identiteit en inter- (én intra-) dissiplinariteit, induksie en deduksie, kontekstualisering en tradisie, die Skrif en kommunikasie, roeping (*vocatio*) en

denominasie, spiritualiteit en akademiese verantwoording, universiteits- en kerklike vennote, ensovoorts. Hierdie spanningsvelde kan uiters uitputtend wees, maar die vonke wat in dié hoogspanning spat, skep ook die nodige energie vir kreatiwiteit en vindingryke teologie. Cahalan en Nieman (2008:85) beaam hierdie siening: "These diverse dynamics and their constant interplay make practical theology persistently fascinating and occasionally frustrating".

Ten grondslag aan hierdie en dergelike vrae lê die grondliggende "spanning" tussen teorie en praktyk – 'n spanning wat volgens sommige deur niemand anders nie as Friedrich Schleiermacher, die sogenaamde "vader van die Praktiese Teologie", op 'n kunsmatige wyse by die teologie ingevoer is (Burkhart 1983:53). Waarskynlik lê die "spanning" van die vakgebied reeds in die naam "Praktiese Teologie" opgesluit. Wat is die verhouding tussen "praktyk" en "teologie"? Korsch (2007:833) wys daarop dat dit die doodskoot van (enige vorm van) teologie kan beteken as die verband tussen wat hy dogmatiese en praktiese teologie noem, versteur word:

> Aus sachlogischen Gründen kann daher eine Verständigung über den Begriff der praktischen Theologie nicht ohne die Dogmatik auskommen; sowenig die Dogmatik unter den Bedingungen der Moderne auf die praktische Theologie verzichten kann.

Korsch (2007:837–839) praat van vyf gestaltes wat hierdie verhouding tussen praktiese en dogmatiese teologie aanneem, en wel soos dit in die bydraes van Friedrich Schleiermacher, Karl Barth, die empiriese wending van die sewentigerjare, die klem op Praktiese Teologie as 'n handelingswetenskap, en die inkleding van Praktiese Teologie as sinduiding ("Sinndeutung") tot uiting kom. Volgens Van Trooswijk (2005:19) het teologie ten minste drie groot paradigmaskuiwe gemaak wat ook ons begrip van Praktiese Teologie ingrypend beïnvloed het, naamlik die skuif van teologie (met die klem op dogmatiek, metafisika en wêreldbeskoulike denkstrukture) na teopraxis (handeling, transformasie, bevryding) na teopatie (sterk beïnvloed deur estetika/kuns). Laasgenoemde, sê hy, "… is geen appèl op hoofd (logos) of handen (praxis). Niet in eerste instantie althans. Kunst appeleert aan het hart (pathos)".

Op die metodologiese gebied van Praktiese Teologie het daar oor die afgelope aantal jaar eweneens ingrypende paradigmaskuiwe plaasgevind. Sedert Schleiermacher, het die fokus van die objek van die geloof (openbaring) na die ervaring (eksistensie) daarvan verskuif, wat met 'n belangstelling in bepaalde bedieningsvaardighede gepaardgaan wat daarop gemik sou wees om die mens ten opsigte van hierdie geloofseksistensie te ontmoet en te bedien. Dit het opnuut die vraag laat ontstaan of Praktiese Teologie 'n normatiewe wetenskap of 'n fenomenologies-empiries bepaalde wetenskap is, wat onder andere ook vanweë die tevoorskyntreding van die menswetenskappe (*humanioria*) en die ontwikkeling van interdissiplinariteit 'n sterk behavioristiese inslag moet hê. Met die ontwikkeling van die menswetenskaplike metodologieë wat uit die fenomenologiese gebied van waarneming, eksperimentering en ervaring spruit, het die empiriese komponent 'n dominante faktor in die vorming van teorie begin word.

Bostaande skuif sou ook as 'n beweging van 'n klerikale en kerklike raamwerk na die beklemtoning van praxis beskryf kon word, met die klem op bevryding, verandering en transformasie (Louw 2001:91). Die begrip "praxis" is egter ook vatbaar vir misverstand. Dit kan op ten minste vier vlakke verstaan word: eerstens, as die aanleer en praktiese toepassing van bepaalde tegnieke (*techné*, soos hier bo bespreek*;* Praktiese Teologie as handelingswetenskap); tweedens, as die wyse waarop die kerk via Praktiese Teologie poog om mense te help om sin te maak uit hulle belewenisse met God; derdens, as die motivering vir mense se handelinge, dit wil sê die rigtinggewende oorwegings wat as etos (lewenshouding of teologiese *habitus*) hulle handelinge kleur; en vierdens, as die wyse waarop God in hierdie wêreld teenwoordig is – die manifestasie van sy ontmoetings met ons.

Om Praktiese Teologie te omskryf, is geen maklike taak nie. Miskien sou ons tog in die lig van bogenoemde ’n paar treë nader aan ’n tipe omskrywing kon kom in ’n poging om die kernidentiteit daarvan te omlyn. Die wesenlike vraag wat hiermee saamhang, is: Wát bestudeer Praktiese Teologie? ’n Moontlike antwoord (of kartets van antwoorde) sou soos volg kon lui: Praktiese Teologie het te make met die praxis van God se heilshandelinge wat in bepaalde ontmoetingsgestaltes na vore tree. Praktiese Teologie bestudeer die wyse waarop mense uit hierdie ontmoetingsgestaltes sin probeer maak – daarom rus dit op ’n eksistensiële hermeneutiek (Cilliers 2007:42–44). Praktiese Teologie funksioneer binne ekklesiologiese verband, en wil dus predikante en ander leiers vir bogenoemde sinsontsyfering (wat ook bedieningsvaardighede insluit) toerus; tog poog dit ook om uiteindelik die ontsyfering van die praxis van God se heilshandeling búíte ekklesiologiese verband, met ander woorde in die samelewing in die breedste sin van die woord, in die hand te werk.[1]

Daar bestaan uiteraard baie wyses van singewing, oftewel ontsyferingsmetodes, aan die hand waarvan hierdie ontmoetingsgestaltes van die heil vertolk kan word. Dit is belangrik om te verstaan dat enige reduksie tot ’n enkele metode nie aan die kompleksiteit van die ontmoetingsgestaltes, dit wil sê die praxis van God se teenwoordigheid in die wêreld, reg kan laat geskied nie. Dit vra inderdaad ’n holistiese, veeldimensionele benadering, waarin daar inter-, maar ook intradissiplinêr te werk gegaan word – iets wat lankal deur praktiese teoloë verstaan word:

> In fact, one way to talk about the task of practical theology is to say it has the job of both stating our ultimate goals and then expressing them in more proximate terms (along with the appropriate means of attaining them) in light of the social, cultural, and psychological factors that constrain and channel the action possibilities of the people involved. (Browning 1983:15)

Die praxis van God se teenwoordigheid in hierdie wêreld kan alleen maar simbolies en metafories uitgedruk word. Trouens, álle teologie is metafories (Durand 2001:15). Dilthey het reeds daarop gewys dat simbole (“schiffren”) op ’n eiesoortige wyse ontsyfer behoort te word: Dit kan byvoorbeeld nie op ’n kousaal-logiese wyse verklaar (“erklären”) word nie, maar eerder by wyse van ’n hermeneutiese proses (“verstehen”), onder andere ook omdat die waarhede van godsdiens nie “objektief” waar is soos wat ’n mens iets in ’n laboratorium kan bewys nie, maar eerder op ’n simboliese en metaforiese wyse tot uiting kom en dus ’n spesifieke vertolking en begrip vra (Brown, Collinson & Wilkinson 1998:99). Hierdie metode van ontsyfering sou ook ’n metode van sinduiding (“Sinndeutung”) genoem kon word (Gräb 2006:29; 2006b:205).

Volgens bogenoemde begrip van Praktiese Teologie, beteken sinduiding veel meer as net ’n empiriese interesse, of ’n metodologie wat met fenomenologiese en semiotiese kategorieë ooreenstem – alhoewel hierdie dimensies inderdaad ’n plek sal moet hê in die holistiese model van Praktiese Teologie wat ons hier voorstaan (Schmidt-Rost 2002:4). In hierdie model handel dit egter ten diepste oor sinduiding, dit wil sê die ontsluiting, maar ook die skep van sin. Sin (betekenis) word be-teken, aangedui, maar ook na vore geroep en op ’n nuwe wyse aan gestalte gegee. Wat wesenlik hier voorgestel word, is ’n prakties-teologiese paradigma waarin die soeke na sin en betekenis sentraal staan, oftewel ’n *theologia practica significans* (Praktiese Teologie wat betekenis ontsluit).

[1] Hierdie klem op die samelewing (*societas*) word onder punt 2.8 in meer besonderhede aan die orde gestel.

Sentraal tot so 'n holistiese prakties-teologiese model funksioneer dus 'n hermeneutiese metode van sinduiding – met die oog op die begrip en ontsluiting van die openbare (sosiale) ontmoetingsgestaltes waarin God se praxis plaasvind. Cahalan en Nieman gebruik in hierdie verband die sleutelwoorde "discerning" en "proposing", en druk hulle soos volg oor die taak van Praktiese Teologie uit:

> In its indicative mood, interpreting what is, practical theology works at discerning. It seeks to recognize, describe, identify, and understand the context before it…In its subjunctive mood, interpreting what might be, practical theology works towards proposing. It seeks to evaluate, assert, guide, and strategize about what faithfully can happen next. (Cahalan & Nieman 2008:82,83)

Die holistiese model wat hier ter sprake is, is uiteraard veeldimensioneel. Vervolgens word daar kortliks[2] na 'n agtal paradigmas van die model gekyk wat in meer as een opsig blyk te oorvleuel. Dít word gevolg deur 'n omskrywing van die integrasie van die verskillende paradigmas, met bogenoemde hermeneutiek van sinduiding as integrasiepunt.

2. PARADIGMAS VAN PRAKTIESE TEOLOGIE

2.1 "Fides quaerens intellectum"

Die bekende slagspreuk *fides quaerens intellectum* dui daarop dat geloof nie as 'n irrasionele (en dus wetenskaplik onverantwoordelike) saak gesien moet word nie, maar dat dit voortdurend poog om dit wat (op grond van God se openbaring) geglo word, ook (op 'n wetenskaplike wyse) te konseptualiseer. Hier handel dit oor die begrip, vertolking en verkondiging van die openbaring op 'n logiese en kognitiewe wyse, veral binne ekklesiologiese verband. Die klem val op lering.

Die soeke na akademiese vaardigheid en integriteit is van deurslaggewende belang vir Praktiese Teologie; trouens, dit maak een van die lewensare daarvan uit. Die oortuiging dat Praktiese Teologie 'n kwasi-wetenskaplike addendum tot die "ware" teologie is, is 'n illusie, en moet inderdaad as sodanig ontmasker word.

Farley (1983:34) se onderskeid tussen vier modi of genres van teologie is hier verhelderend. Hy verwys naamlik na teologie as *habitus*, as wetenskap, as teologie in fakultêre verband, en as spesifieke vakdissipline. Teologie as *habitus* (wysheid, onderskeiding) is 'n benadering tot 'n begrip van God wat sowel eksistensiële as wetenskaplike dimensies insluit. Volgens Farley (1983:34) sny hierdie benadering deur ons digotomieë van teorie en praktyk, en van dogmatiese en praktiese teologie. Sedert die Reformasie, is hierdie genre van teologie egter gaandeweg deur teologie in fakultêre verband (en dus 'n versameling van vakdissiplinêre spesialiteite), en gevolglik as 'n spesifieke vakdissipline binne hierdie samevoeging, vervang. Die stryd was sedertdien om

---

[2] Dit is onmoontlik om hier aan die omvang van elkeen van hierdie paradigmas reg te laat geskied. Ek volstaan met 'n paar opmerkings oor elkeen, in besonder soos wat dit van toepassing is op die spesifieke fokus van hierdie artikel (vergelyk die bespreking onder punt 3). Ek gebruik die konsep "paradigma" as 'n denkraamwerk wat veranderbaar is, en in hierdie geval telkens verruim moet word deur ander paradigmas. Die paradigma van samelewing (*societas)* sou kon dien as 'n integrasie van die ander genoemde prakties teologiese paradigmas. Die *vraagstelling* van hierdie artikel hang juis saam met die tendens van praktiese teologie om (ekklesiologies) na binne gerig te wees, en die *doelstelling* is dan juis om 'n prakties teologiese paradigma voor te stel wat na buite, dit wil sê op die samelewing, gerig is – sonder om die ander paradigmas prys te gee. In hierdie sin is daar na my mening ook nie so 'n groot onderskeid tussen praktiese teologie en teologie nie: beide behoort transformerend en sinduidend op die samelewing gerig te wees.

hierdie dissiplines weer op ’n samehangende wyse te integreer. Schleiermacher se oplossing was om die dissiplines met die oog op die professionele opleiding van predikante te rangskik, en dít het die skeiding tussen teorie en praktyk, asook die gevangeneming van Praktiese Teologie binne ’n klerikale paradigma aangewakker (Farley 1983:34).

Ek deel Farley se sentiment dat ons die genre van teologie as *habitus* moet herwin. Dit behels ’n grondige wetenskaplike onderbou (teologie as wetenskap, oftewel *fides quaerens intellectum*), maar ook, soos reeds vermeld, die kuns van onderskeiding – dus ’n *habitus* wat die eksistensiële dimensies van menswees in hulle diepste lading uiters ernstig wil opneem, en sinduidend daar wil funksioneer. Op hierdie wyse kan daar nie alleen teen ’n intellektualistiese abstrahering van Praktiese Teologie gewaak word nie, maar kan die gewraakte digotomie tussen teorie en praktyk, asook die beperkende profiel van die klerikale paradigma, in ’n mate oorkom word.[3]

2.2 “Fides quaerens verbum”

In die loop van die geskiedenis het die klem egter ook van Praktiese Teologie as *fides quaerens intellectum* na ’n meer narratiewe en nie-direktiewe benadering verskuif, met die fokus op modi van kommunikasie en diskoers (geloof op soek na uiting/verwoording; *fides quaerens verbum*). Hiermee is die rol van retoriek, veral in verband met homiletiek, onder andere ook weer aan die orde gestel.

Volgens Keck (1983:127) is dit ironies dat die toenemende professionalisering van die predikantsberoep nie ook met ’n vergelykbare professionalisering van die kuns van openbare diskoers, met ander woorde ’n kritiese en teoretiese ontleding van die preekgebeure, gepaardgegaan het nie. Volgens hom word daar meestal op tegnies-retoriese aspekte gelet, sonder dat dit na die dieperliggende teologie agter die woordgebeure deurgetrek word. In die lig daarvan dat prediking, selfs te midde van al die kritiese stemme wat teen die status quo opklink, steeds vir baie mense in die kerk belangrik is, verklaar Keck (1983:128–129):

> The broader understanding of rhetoric/preaching calls for more than a theological rationale for effective speech arts. It entails nothing less than a reconsideration of the theological bases for preaching at all. It also entails a consideration of the types of public discourse that occur under the name of preaching – apology, mediation, and exhortation, for example.

Die behoefte aan uiting – watter vorm dit ook al aanneem – vra dus om ’n teologiese besinning oor Praktiese Teologie as woordgebeure (*verbum*). Terwyl die homiletiek sekerlik ’n duidelike voorbeeld van hierdie woordgebeure is, moet ons dit egter ook wyer as die totale modus van kommunikasie binne Praktiese Teologie verstaan. Ten diepste gaan dit daaroor dat ons die kuns sal moet ontwikkel om ’n nuwe taal te praat – soos ons onder andere uit interaksie met ander (veral nie-teologiese vakdissiplines) leer. Indien Praktiese Teologie binne die openbare ruimte van die samelewing ’n betekenisvolle bydrae wil lewer, sal dit die taal van sodanige ruimte moet aanleer, sonder om sy eie, unieke tongval prys te gee. Taal is ’n sosiale gebeurtenis, en het dus met die lewe in die breedste sin van die woord te make. Taal help ons om te ontsyfer, om sin te maak uit ons eksistensie; trouens, taal skep sin, en is sinduidend. Indien Praktiese Teologie ’n *theologia practica significans* wil wees, sal dit dus die belang van taal en uiting/verwoording moet herontdek. Dit maak ’n onontbeerlike deel van die *instrumentarium* van die holistiese Praktiese Teologie uit wat hier voorgestaan word.

[3] Meer hieroor onder punt 2.8.

2.3 "Fides quaerens actum"

Bogenoemde klem op die verband tussen Praktiese Teologie en metodes van diskoers is mettertyd deur 'n hernude belangstelling in Praktiese Teologie as handelingswetenskap aangevul. Trouens, 'n mens sou selfs kon beweer dat die pendulum na 'n vollediger integrasie van teorie by praktyk, na maniere van doen, deurgeswaai het.[4] Hier val die klem nie alleen op die ontwikkeling van bedieningsvaardighede nie, maar op die teorieë agter handeling, transformasie en bevryding. In hierdie verband het die tevoorskyntreding van die bevrydingsteologieë 'n sterk bondgenoot in Praktiese Teologie gevind. Dit het meegebring dat Praktiese Teologie die twee uiterstes van vergeesteliking en verpolitisering moes vermy, aangesien albei die taak van Praktiese Teologie in die samelewing wou systap (McCann 1983:109).

Die aansprake van die bevrydingsteologie het inderdaad geruime tyd die agendas van praktiese teoloë beïnvloed. Dit het duidelik geword dat dit hier oor meer as net "die uitleef van geloof" of "die getuienis van die kerk" in die algemene sin van die woord handel. Dit het eerder 'n strategie geverg wat onder andere op volhoubare sosiale betrokkenheid, en bepaald op dialoog met die gemeenskappe wat hierby betrokke was, gerig is. Die behoeftes van hierdie grondliggende gemeenskappe moes op so 'n wyse met die sosiale aksie van die kerk in samespraak wees, dat wedersydse verryking kon plaasvind: "Genuine dialogue, in short, must seek to initiate and sustain structures of mutual accountability between them both" (McCann 1983:110).

Die ontwikkeling van die studieterrein van gemeenskapsontwikkeling (transformasie-handelinge binne samelewingsverband) sou waarskynlik as 'n voortsetting, dog ook uitbouing, van hierdie dimensie van Praktiese Teologie verstaan kon word. Die waarde van werklike medewerking en interaksie tussen tradisionele geloofsgemeenskappe en samelewingsverbande is hier van deurslaggewende belang. In hierdie verband word daar soms van 'n teologie van rekonstruksie gepraat (Villa-Vicencio 1998:2) wat die bevrydingsparadigma van die verlede in die lig van nuwe uitdagings en kontekste wesenlik vorentoe moet neem (Mugambi 2003:61).

Só 'n teologie is prinsipieel bereid tot dialoog met ander dissiplines en poog om algehele oplossings te vind, eerder as om bloot projekgedrewe te wees en "compassionate hand-outs" te gee (Swart 2004:9).[5]

2.4 "Fides quaerens spem"

Die vakgebied Praktiese Teologie het nog altyd 'n interesse gehad in die menslike soeke na en behoefte aan hoop. Omdat dié studieterrein op sinduiding gerig is, kan dit ook nie anders as om aan die kwessie van hoop aandag te skenk nie. In hierdie paradigma (*fides quaerens spem;* geloof op soek na hoop) val die klem dus op die begrip en belewenis van betekenis wat hoop skep, asook op die wyses waarop dit deur middel van byvoorbeeld prediking, liturgie, pastoraat, ensovoorts gevoed en gevorm kan word.

Die realiteit van twee Wêreldoorloë, asook die volskaalse mislukking van politieke ideologieë, het die behoefte aan hoop opnuut onder die aandag van praktiese teoloë gebring. In die huidige Suid-Afrikaanse konteks met sy oorgangsrealiteite (ekonomies, sosiaal, polities én kultureel) is die behoefte aan bemoedigende Praktiese Teologie van groot belang in die lig van baie mense se vrees vir die toekoms. Armoede, misdaad, MIV en vigs, xenofobie, ensovoorts skep 'n ryk teelaarde waarin Praktiese Teologie as sodanig kan ontwikkel.

---

4 *Fides quaerens actum*; vergelyk ook die titel *Manieren van doen*, Dingemans (1996).

5 Ons keer onder punt 2.8 terug na 'n bespreking van hierdie paradigma.

Ten grondslag aan hierdie paradigma lê bepaalde sienings van die rol en funksie van eskatologie. Die voorstanders van bogenoemde bevrydingsteologie het gou ook tot die besef gekom dat daar altyd 'n sogenaamde "eskatologiese voorbehoud" ingebou moet word ten einde die voorlopigheid van sosiale konstruksies, ook in die sosiale betrokkenheid van die kerk, te bly verreken (McCann 1983:118 e.v.).

Eskatologie beteken enersyds dat daar opgehou word om "agtertoe te droom", soos ironies genoeg uit begrippe soos *re*naissance, *re*volusie, *res*tourasie en selfs *re*formasie blyk. Deur die slagspreuk *ad fontes* (terug na die bronne) staan die vernuwing van die hede ook hiermee in verband. Hoewel dít op sigself sekerlik reeds in orde is, maak eskatologiese denke voorts ruimte vir die *novum* van die toekoms in die plek van die *re* van die verlede (Moltmann 1969:33,34). Hierdie *novum* van die toekoms beteken egter nie 'n ontvlugting uit die hede nie, maar eerder die viering van (die sin van) die toekoms in die hede. In eskatologiese denke is die toekoms nie bloot 'n saak van *futurum* nie, maar veral van *adventus*, dit wil sê die (voortdurende) inbreek van die toekoms by die hede. In die toeëiening van hierdie "toekoms-in-die-hede", dit wil sê in die omarming van 'n radikaal nuwe identiteit, word daar sin geskep.

Die hoop wat in 'n prakties-teologiese paradigma van *fides quaerens spem* aan die orde is, is dus 'n eiesoortige tipe hoop. Dit werk nie slegs met die God van die geskiedenis nie, maar veral ook met die God van die toekoms (Moltmann 1969:18). Hierdie singewende paradigma staan inderdaad sentraal tot 'n holistiese model van Praktiese Teologie.[6]

2.5 "Fides quaerens imaginem"

Sinsontsluiting kan nie sonder verbeelding plaasvind nie. Hierdie besef het daartoe gelei dat daar sedert die tagtigerjare 'n nuwe waardering vir die rol en betekenis van estetika ontwikkel het, ook binne die kader van Praktiese Teologie (Cilliers 2007:34). Daarom word al bogenoemde paradigmas tans met 'n ander invalshoek aangevul – 'n benadering wat nie noodwendig téénoor voormelde aksente staan nie, maar eerder soos 'n goue draad daardéúr loop, of ten minste behóórt te loop, en die potensiaal het om dit alles sinvol te integreer. Dié benadering hang saam met die hernude belangstelling in die estetika, en kan kortweg as estetiese rede of estetiese hermeneutiek beskryf word (in aansluiting by die versugting *fides quaerens imaginem* – geloof op soek na beelde, oftewel geloof wat langs die weg van ver-beelding na simboliese vorme van uiting soek) (Van Erp 2003:15; Louw 2001:91). Terwyl teoretiese rede byvoorbeeld met die onderskeid tussen waar en vals, en praktiese rede met die onderskeid tussen reg en verkeerd te make het, fokus estetiese rede op die verskynsels van mooi en lelik; op die waarneming, vertolking en, indien nodig, transformasie daarvan.

Die uitgangspunt hier, soos reeds hier bo vermeld, is dat die praxis van God se teenwoordigheid by ons alleen in simboliese en metaforiese vorm verstaan kan word en tot uiting kan kom. Die estetika blyk die toereikendste modus te wees waarin hierdie vertolking kan plaasvind. Uit hierdie perspektief sou ons kon sê dat dit die taak van Praktiese Teologie is om op 'n verbeeldingryke wyse die sin van die ontmoetingsgestaltes met God, oftewel van die praxis van God se teenwoordigheid in hierdie wêreld, te ontsyfer.

Estetiese denke is nie 'n luukse vir praktiese teoloë, soos baie helaas steeds reken nie. Dit is inteendeel die grondslag vir al die klassieke *loci* op die gebied van Praktiese Teologie – of dit nou prediking, liturgie, pastoraat, gemeenskapsontwikkeling, empiriese navorsing of gemeente- en jeugbediening is – aangesien dit in al hierdie handelinge tog ten diepste oor 'n ontsyfering, en in

[6] Vergelyk verder punt 3.

die proses sinduiding, van mense se ervaring van God se teenwoordigheid in hulle lewens en samelewing gaan. Estetika is van deurslaggewende belang vir (praktiese) teologie, aangesien albei met ontsyfering, betekenis, en die verbeeldingryke uiting van sodanige betekenis gemoeid is. In hierdie verband het estetika by uitstek 'n integrerende funksie:

> It is the unifying power of the imagination that allows and enables us to envision that nature and grace, immanence and transcendence, the sacred and the secular are distinct, yet interdependent, ultimately striving towards a dynamic whole. (Thiessen 1999:269)

2.6 "Fides quaerens visum"

In aansluiting by die paradigma van estetika, word daar soms van 'n Praktiese Teologie gepraat wat vernuwend oor die belang van die visuele vir postmoderne mense sal moet dink. Hierdie paradigma staan as *fides quaerens visum* (geloof op soek na visualisering) bekend. Die bedoeling hiermee is om mense te help om tekens van God se teenwoordigheid in die wêreld konkreet deur middel van visuele en virtuele realiteite te onderskei. Die rol van moderne tegnologie (internet, massamedia, ensovoorts) word prinsipieel in aanmerking geneem (Louw 2008:20,74).

Hierdie beklemtoning is uiteraard van groot belang in die lig van die paradigmaskuiwe wat in die wêreld van kommunikasie plaasgevind het. Volgens Debray (2000:20) kan ons breedweg tussen drie fases of sfere van ontwikkeling onderskei: die logo-sfeer (mondelinge tradisie), die grafo-sfeer (drukkuns) en die video-sfeer (uitsending van beelde via elektroniese media).

Die uitdaging van die Suid-Afrikaanse konteks lê veral daarin dat die tydvak van apartheid, en die gepaardgaande isolasie van die land, ons in 'n groot mate met 'n agterstand ten opsigte van blootstelling aan die video-sfeer gelaat het. (Televisie is byvoorbeeld tot so laat as 1975 van ons weerhou.) Tans moet ons met 'n geglobaliseerde wêreld in pas kom, en dit bied unieke uitdagings, veral ook ten opsigte van modi van kommunikasie. In Suid-Afrika tref ons waarskynlik 'n mengsel van bogenoemde drie sfere aan: Groot dele van die bevolking leef nog in 'n mondelinge kultuur, terwyl die grafo- en video-sfeer volgens sommige waarnemers veral op 'n elitistiese wyse op korporatiewe en regeringsvlak geïntegreer is (Rossouw 2004:4–5). Dit wil egter voorkom asof daar tans 'n versnelde verskuiwing van die logo- en grafo-sfeer na die video-sfeer plaasvind.

Laasgenoemde bied besondere uitdagings aan al die vakgebiede binne Praktiese Teologie. Dit verg onder andere nuwe denke oor modi van kommunikasie (prediking, liturgie, pastoraat), maar ook 'n herwaardering van die rol van gemeentes en gemeenskappe (in gemeentebediening en gemeenskapsontwikkeling) ten opsigte van hulle vertolkende gawes en vermoëns in die proses van sinduiding. Die logo-sfeer wat die "waarheid" in die mond van die priester gelaat het, het immers oorgevloei in die grafo-sfeer (ingelui deur die Gutenberg-era en die Reformasie), wat die waarheid én die vertolking daarvan tot in mense se huise gebring het. Die video-sfeer voer dit nóg verder met die (visuele) beskikbaarstelling van enige denkbare vorm van inligting via internet, televisie, selfone, ensovoorts. In die video-sfeer, veral in die filmbedryf, val die klem meer op emosie (as bloot kognitiewe kennis), onmiddellikheid en beliggaming. Laasgenoemde verg op sy beurt herbesinning oor 'n teologie van liggaamlikheid.

2.7 "Fides quaerens corporalitatem"

Al die eksistensiële kategorieë (*existentialia*) wat tot dusver aan die orde gestel is, naamlik intellek, taal, handeling, hoop, verbeelding en visualisering, sou binne 'n paradigma van beliggaming begryp kon word. Trouens, dit is onmoontlik om hierdie kategorieë op 'n sinvolle wyse buite beliggaming te verstaan. Daarom kan verantwoordelike Praktiese Teologie nie anders as om ook 'n uiting te wees van 'n geloof op soek na beliggaming, oftewel *fides quaerens corporalitatem*, nie.

Soos met estetiese rede, bied hierdie benadering 'n holistiese raamwerk waarin die liggaamlikheid van mense baie ernstig opgeneem word, onder andere ook as "adres" van die openbaring. Ons liggame is immers sentraal tot dit wat ons waarneem en ervaar, ook wat ons verhouding met God betref. Dit verteenwoordig die primêre lokus van God se teenwoordigheid by ons.

Die implikasie van bogenoemde is dat ons liggame as sodanig 'n vertolkende handeling is. Ons vertolk holisties, met ander woorde nie net intellektueel, visueel, ouditief of mondelings nie, maar met ál ons sintuie. In ons liggaamlikheid kruis ons wees-funksies en ons doen-funksies. Dit het alles uiteraard deurslaggewende implikasies vir die wyse waarop kommunikasie en vertolking, asook die soeke na en ervaring van betekenis en sin, benader word.

Die konsep van beliggaming of liggaamlikheid is van besondere belang vir die Praktiese Teologie, aangesien dit 'n reeks eksistensiële belewenisse insluit wat juis in die visier van Praktiese Teologie behóórt te wees, naamlik kontekstualisasie (wat belangrik is vir gemeentebediening), onmiddellikheid en ontmoeting (pastoraal en liturgies belangrik), gemeenskaplikheid (noodsaaklik vir gemeenskapsontwikkeling), radikalisering, konkreetheid, ensovoorts.

Dit is veral belangrik dat die konsep van liggaamlikheid voortdurend (prakties) teologies vertolk word in 'n samelewing waarin die verafgoding van die liggaam vooropstaan. Wanneer daar hier van liggaamlikheid gepraat word, geskied dit teen die agtergrond van die inkarnasie (vleeswording; Christus wat die vorm van 'n liggaam aanneem) en die inhabitasie (bewoning; die Gees wat die kerk tot 'n liggaam saambind). Hierdie liggaam staan nie in die teken van skoonheid nie, of staan in elk geval in die teken van 'n andersoortige "skoonheid" soos dit onder andere in die gekruisigde liggaam van Christus, die brose gestalte van die kerk, en die sakramente tot uiting kom.

2.8 "Fides quaerens societatem"

Die paradigma van *fides quaerens corporalitatem* is van deurslaggewende belang vir 'n holistiese Praktiese Teologie, maar moet ook verder ontwikkel word. Daar kan naamlik maklik verkeerdelik 'n eksklusiewe individualistiese of blote kerklike en/of gemeentelike betekenis daaraan toegeken word. Dit kan selfs in egosentrisme of teologiese narcissisme ontaard.

Praktiese Teologie handel wel oor beliggaming, maar dan veral oor die openbare vergestalting daarvan. Dit handel oor die samelewing en die gemeenskap. Die basiese, tegniese betekenis van die Latynse woord *societas* behels vennootskappe, of die assosiasie ter wille van handelsdoelwitte, maar kan ook op enige groep mense met gedeelde belange dui, met ander woorde 'n gemeenskap met 'n geïmpliseerde eenheid en strewe na 'n doelwit of visie waarvoor almal eienaarskap aanvaar het, en nie bloot 'n toevallige versameling mense nie.

Daarom moet Praktiese Teologie ook as *fides quaerens societatem* (geloof op soek na sosiale vergestalting) begryp word. Dit impliseer 'n benadering wat grense oorskry; wat Praktiese Teologie uit sy tradisioneel klerikale en selfs kerklike verband haal ten einde interaktief in 'n verskeidenheid gemeenskappe (wat ook geloofsgemeenskappe kan insluit) diensbaar te wees en verrykende bydraes te lewer, maar ook deur mede- en wisselwerking in hierdie gemeenskappe gedien en verryk te word. Dit bly 'n wetenskap wat oor én voor die aangesig van God (Augustinus) besin, maar terselfdertyd vrae vra oor, en op soek is na, die sosiale gestaltes waarin God sy gesig na ons toe draai. Dit is hier waar God se gesig "mooi" moet word.[7]

[7] Vergelyk die titel *Dass Gott schön werde. Praktische Theologie als Theologische Asthetik* (Bohren 1975).

In ’n sekere sin is hierdie gerigtheid op die samelewing die kulminasie van al voorafgaande paradigmas. Dit verteenwoordig die doelwit en ruimte waarbinne alle *loci* van die Praktiese Teologie behoort te funksioneer. Terwyl bogenoemde paradigmas as’t ware as die skelet van so ’n beskouing van Praktiese Teologie dien, maak die samelewing die liggaam uit; die vlees waarin die skelet funksioneer. Sonder hierdie liggaam, is Praktiese Teologie bloot ’n lewelose geraamte. Erger nog: Dit lyk dalk na ’n indrukwekkende kerklike en klerikale konstruksie, maar is in werklikheid siel- en bloedloos.

Praktiese Teologie as *fides quaerens societatem* is daarop gerig om, vanuit sy ryke tradisies (denominasie, Skrif, belydenis, prediking, liturgie, pastoraat, ensovoorts) met die oog op die verryking en sinduiding van die lewe as sodanig ’n bydrae te lewer. Dit gaan hier oor die lewe in die breedste sin van die woord; oor die handhawing en heling, die waardigheid en waarde, die singewing en sinsontsluiting van hierdie lewe, wat as ’n gawe van God voor sy aangesig (*coram deo*) geléef mag word. Dit is opvallend hoe wyd die verskeidenheid eksistensiële temas is wat byvoorbeeld in die mees onlangse Europese publikasie[8] oor Praktiese Teologie onder die vergrootglas kom, naamlik dwelms, esoteriek, familie, media (televisie, internet, film), geslag, liefde, seksualiteit, literatuur, kuns, sport, terapiekultuur, toerisme, ensovoorts. In Afrikaverband sou hierdie lys weliswaar met kwessies soos armoede, misdaad, geweld, korrupsie, werkloosheid, bendekultuur, MIV en vigs, xenofobie, ensovoorts aangevul kon word. Die punt is: Dit is juis hier waar Praktiese Teologie sy “adres” moet vind en sy tuiste moet maak, met ál die spanninge en broosheid wat daarmee gepaardgaan, indien dit die naam Praktiese Teologie gestand wil doen.

Dit beteken nie noodwendig dat daar hiermee van die klerikale en ekklesiologiese kontekste en agtergronde wat Praktiese Teologie voed, afskeid geneem word nie, maar wel dat dit met die oog op die samelewing herstruktureer moet word. Dit word in die vorm van ’n nuwe paradigma herkonstitueer – ’n paradigma van diensbaarheid, opoffering en lediging (*kenosis*). Hierdie paradigma wentel om ’n algehele eerder as ’n individualistiese hermeneutiek, en vind in hierdie opsig ook aansluiting by die ryk Afrikatradisie van medemenslikheid en gemeenskaplike liggaamlikheid (*ubuntu*) (Ramose 1999:49; Shutte 1993:46).

3. “THEOLOGIA PRACTICA SIGNIFICANS”: ’N PROFIEL

Soos reeds aangedui, is die spil waarom so ’n benadering tot Praktiese Teologie draai die kwessie van (hermeneutiese) sinduiding. Dit sou dus nie net ’n prakties-teologiese ekklesiologie nie, maar eerder ’n prakties-teologiese hermeneutiek van sinduiding genoem moes word. Sinduiding vorm as ’t ware die nok van die wiel van Praktiese Teologie wat in die samelewing *(societas)* draai. Dít sluit aan by die oorspronklike betekenis van die begrip “religie” (*ligature*), wat volgens sommige op ’n samevoeging en letterlik vasbinding van betekenisse (“tying together of significances”) dui (Louw 2008:49). Hier, in die nok van die wiel, word die betekenisse wat in die onderskeie paradigmas ontsluit word, sinvol saamgevoeg en vasgebind ten einde die wiel van Praktiese Teologie te laat draai. In onderstaande grafiese voorstelling verteenwoordig die groot sirkel die rol van die kerk, Skrif en tradisie, terwyl die vierkant die ruimte van die samelewing voorstel:

[8] *Handbuch Praktische Theologie*. Hrsg. W. Gräb und B. Weyel. München: Gütersloher Verlagshaus (2007).



Figuur 1: *Praktiese Teologie as hermeneutiek van sinduiding binne samelewingsverband.*

Dit is van deurslaggewende belang om te begryp dat hierdie gerigtheid op sinduiding nie ’n nuwe vorm van mag en kontrole mag uitmaak nie. ’n *Theologia practica significans* verteenwoordig nie ’n (nuwe) magsgreep op die werklikheid, of alleenreg op die vertolking daarvan nie. Inteendeel, dit bly in sy diepste wese en bedoeling ontvanklik vir die werklikheid, juis om dáár sinvol diensbaar te kan wees. Ogletree (1983:85) stel dit samevattend só:

> Theology is practical in the sense that it concerns, in all of its expressions, the most basic issues of human existence. It has to do with the human pilgrimage in its totality: with its meaning and significance, with the determination of appropriate responses to the realities we confront during its course, with the growth of persons in community, with the construction of institutions suited to human well-being. The origin of theology is practical; it arises out of prior wordly involvements. Its end is likewise practical; it plunges us once more into the sea of experience… Whenever and wherever we take it up, theology is bound up with the practical rhythms of human life.

Praktiese Teologie bly 'n bouperseel met 'n kennisgewing wat lui: "Toegang op eie risiko". Dit is 'n riskante en brose terrein. Indien dit egter as 'n teologie beskou word wat sáám met mense in 'n samelewing na sin soek, bied dit ook die potensiaal vir betekenisvolle transformasie. 'n Verdere kennisgewing sou dus moes lui: "'Wees gereed om herbou te word".

BIBLIOGRAFIE

Bohren, R. 1975. Dass *Gott schön werde. Praktische Theologie als Theologische Asthetik.* München: Kaiser.

Brown, S., Collinson, D. & Wilkinson, R. 1998. *One Hundred Twentieth-Century Philosophers*. London & New York: Routledge.

Browning, D.S. 1983. Introduction, in D.S. Browning (ed.). *Practical Theology*. San Francisco: Harper and Row, pp. 1–20.

Burkhart, J.E. 1983. Schleiermacher's Vision for Theology, in D.S. Browning (ed.). *Practical Theology*. San Francisco: Harper & Row, pp. 42–60.

Cahalan, K.A. & Nieman, J.R. 2008. Mapping the Field of Practical Theology, in B.C. Bass & C. Dykstra (eds). *For Life Abundant. Practical Theology, Theological Education, and Christian Ministry.* Grand Rapids, Michigan/Cambridge, UK: Eerdmans, pp. 62–90.

Cilliers, J.H. 2007. *Binne die kring-dans van die kuns. Die betekenis van estetika vir die gereformeerde liturgie*. Stellenbosch: Sun Press.

Debray, R. 2000. *Introduction à la médiologie*. Paris: Presses Universitaires de France.

Dingemans, G.D.J. 1996. *Manieren van doen. Inleiding tot de studie van de Praktische Teologie.* Kampen: Kok.

Durand, J. 2001. When Theology became Metaphor. *Journal of Theology for Southern Africa*, 111, November:12–16.

Farley, E. 1983. Theology and Practice Outside the Clerical Paradigm, in D.S. Browning (ed.). *Practical Theology*. San Francisco: Harper and Row, pp. 21–41.

Gräb, W. 2006. *Religion als Deutung des Lebens. Perspektiven einer Praktischen Theologie gelebter Religion*. München: Gütersloher Verlagshaus.

Gräb, W. 2006b. *Sinnfragen. Transformationen des Religiösen in der modernen Kultur.* München: Gütersloher Verlagshaus.

Jones, S. 2008. Practical Theology in Two Modes, in B.C. Bass & C. Dykstra (eds). *For Life Abundant. Practical Theology, Theological Education, and Christian Ministry.* Grand Rapids, Michigan/Cambridge, UK: Eerdmans, pp. 195–213.

Keck, L.E. 1983. Toward a Theology of Rhetoric/Preaching, in D.S. Browning (ed.). *Practical Theology*. San Francisco: Harper and Row, pp. 126–147.

Korsch, D. 2007. Praktische und dogmatische Theologie/ Theologie und gelebte Religion/ Theologie als Religions – und Kulturhermeneutik, in W. Gräb & B. Weyel (hrsg.). *Handbuch Praktische Theologie*. München: Gütersloher Verlagshaus, pp. 833–842.

Louw, D. 2001. Creative hope and imagination in a Practical Theology of aesthetic (artistic) reason. 4th International Academy of Practical Theology. Quebec International Conference, Canada, 14-20 May 1999, in P. Ballard & P. Couture (eds). *Creativity, imagination and criticism: the expressive dimension in Practical Theology.* Cardiff: Cardiff Academic Press, pp. 91–104.

Louw, D.J. 1995. Hermeneut tussen katedraal en markplein. *NGTT*, 36(1):9–13.

Louw, D.J. 2008. *Cura Vitae. Illness and the healing of life in pastoral care and counselling.* Wellington: Lux Verbi.BM.

McCann, D.P. 1983. Practical Theology and Social Action: Or What Can the 1980s Learn from the 1960s?, in D.S. Browning (ed.). *Practical Theology*. San Francisco: Harper and Row, pp. 105–125.

Moltmann, J. 1969. *Geloof in de toekomst*. Uthrecht: Amboboeken.

Mugambi, J. 2003. *Christian Theology and Social Reconstruction. Theology of Reconstruction Series.* Nairobi, Kenya: Acton Publishers.

Ogletree, T.W. 1983. Dimensions of Practical Theology: Meaning, Action, Self, in D.S. Browning (ed.). *Practical Theology*. San Francisco: Harper and Row, pp. 83–104.

Ramose, M.B. 1999. *African Philosophy through Ubuntu*. Harare: Mond.
Rossouw, J. 2004. *Die Vrye Afrikaan*, Oktober:4–5.
Schmidt-Rost, R. 2002. Kommunikation des Evangeliums. Zur Vermittlungsaufgabe der Praktischen Theologie. *Diakonia. Internationale Zeitschrift für die Praxis der Kirche*, 33, September:37–44.
Shutte, A. 1993. *Philosophy for Africa*. Rondebosch, South Africa: UCT Press.
Swart, I. 2004. Community-centred congregational ministry in South Africa: a plea for renewal. *NGTT Supplementum*, 45(2).
Thiessen, G.E. 1999. *Theology and Modern Irish Art.* Dublin: The Columbia Press.
Van Erp, S. 2003. Fides quaerens imaginem. Esthetica als fundamentele theologie: geloof op zoek naar beelden. *Tijdschrift voor Theologie*, 43:15–39.
Van Trooswijk, C.D. 2005. Theopathie. Afrikaanse Kunst als moeder van de theologie. *Wereld en Zending. Tijdschrift voor interculturele theologie.* 1:18–26.
Villa-Vicencio, C. 1998. *A Theology of Reconstruction. Nation-Building and Human Rights.* Cape Town: David Philip Publishers.